ATKV

Oorde GOUDINI SPA

JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV afrikitipret

Vermaakprogram 2026

WELKOM BY ATKV-GOUDINI SPA

Goeiedag, oordvriende. So kom ons weer aan die einde van ’n baie goeie kwartaal. Dit is nou tyd vir jou om rustig te raak en ’n bietjie te ontspan. Die ATKV-Goudini Spa-span verwelkom al ons gaste by ons pragtige vakansieoord.

As dit jou eerste besoek aan ons is, verwelkom ons jou en jou gesin met ’n warm Bolandse glimlag. Ons vertrou dat almal hierdie vakansie ’n onvergeetlike en wonderlike tyd by ons sal hê. Maak spesiale herinneringe wat julle vir jare lank kan koester.

Maak gerus op ’n verantwoordelike wyse van ons fasiliteite gebruik. Ondersteun tydens jou verblyf ons winkel, restaurant, salon, spa en die kitskosareas. Julle het gevra vir aantrekkamers by die swembad, en ons het geluister en vir julle vier nuwe aantrekkamers gebou. Ons het ook nuwe LED-buiteligskerms bygekry.

DINGE OM TE DOEN BY ATKV-GOUDINI SPA

Die skoon, vars Boland-lug bied aan almal die geleentheid om die oord op sy beste en op ’n unieke manier te ervaar. Ons bied ’n opwindende en prettige daaglikse program vir die hele gesin. Daar sal ook gratis vertonings deur sommige van ons beste gaskunstenaars wees. Al ons gaste is welkom om hierdie gaskunstenaars tydens hul vakansie te geniet. Daar is ook heerlike fliekaande, opwindende dans- en talentkompetisies en veel meer. Neem gerus deel aan al hierdie spesiale aktiwiteite wat ons personeel met liefde aanbied.

Speletjies, aktiwiteite en ontspanning

Geniet gerus ook ons fasiliteite vir jonk en oud, onder andere:

- Waterglybaan
- Minigholfbaan
- Trampoliene
- Speletjieskamer, insluitend potspel
- Tennisbane
- Vlugbalbaan
- Swembaddens
- Staproete
- Borrelbaddens

Koswerf Restaurant

ATKV-Goudini Spa spog ook met ’n Koswerf Restaurant wat ’n groot verskeidenheid etes verskaf. Kyk gerus daagliks op die program vir aanbiedings.

Kiosk

Ons kiosk by die swembad verkoop onder andere oliebolle, Chip ’n Dip en ysdrankies.

Halaal-restaurant

Die Halaal-restaurant is langs die winkel. Hier bied ons ’n verskeidenheid wegneemetes aan al ons gaste.

Winkel

Die winkel bied alles wat jy nodig het – jy hoef nie die oord te verlaat vir jou daaglikse inkopies nie. Dit sal alles hier beskikbaar wees vir ons gaste se gerief.

Word bederf by die spa

Kom ervaar saligheid vir jou liggaam, gees en siel. Ons neem jou op ’n reis van wonderlike ervarings om al jou spanning te verlig. Geniet ’n spesiale massering, voetbehandeling of kom doen jou naels. Kyk na al die spesiale aanbiedings en besoek die spa agter die speletjieskamer.

Noodhulp

Neem asseblief kennis van die volgende rakende noodhulp:

- Die noodhulpkamer is by die swembaddens langs die Tulbagh-eenhede.
- Meld gerus by enige personeellid aan om te vra vir noodhulpdienste.
- Jy kan ook die hoofhek 24 uur per dag kontak by 023 349 8126 indien ’n ambulans benodig word.
- Die meeste van die personeel het Noodhulp vlak 1-opleiding en kan met kleiner beserings help.
- **BELANGRIK: DAAR IS SEKURITEIT BY ONS SWEMBADDENS. ONTHOU ASSEBLIEF DAT JOU KIND SE VEILIGHEID VIR ONS BELANGRIK IS. DIT BLY STEEDS JOU VERANTWOORDELIKHEID OM JOU KIND ALTYD DOP TE HOU.**

Wasgoed

Hierdie fasiliteit is naby aan die tennisbane. As jy dit wil gebruik, kan jy munte by die winkel koop of die kaartfasiliteit by die masjien gebruik.

Bewaring van fauna en flora

Ons vra met erns al ons gaste – jonk en oud – om ons pragtige oord te versorg. Onthou asseblief:

- Geen plante mag beskadig word nie.
- Geen plante mag verwyder word nie.
- Geen plante mag saam met jou huis toe geneem word nie.
- Geen diere mag beseer word nie.
- Geen diere mag saam met jou huis toe geneem word nie.

Ons oord is deel van ’n kosbare fynbosekosisteem en ons wil jou byvoorbaat bedank dat jy ons fauna en flora respekteer. Indien enige van ons gaste hulself aan enige van die bogenoemde skuldig maak, sal daar ernstige gevolge wees.

Geniet jou vakansie by ons en wees asseblief verantwoordelik.

Vriendelike ATKV-groete

Pieter du Toit: ATKV-Goudini Spa-oordbestuurder

OORDREËLS

Hoewel ons nie die indruk wil skep dat die ander oordreëls minder belangrik is nie, vestig ons graag jou aandag op die volgende:

- Geen musiek word toegelaat nie, aangesien dit ander mense by die oord steur.
- Geen musiek mag uit voertuie gespeel word nie.
- Oormatige geraas of harde musiek sal op geen tydstip toegelaat word nie.
- Ná 23:00 moet daar stilte in die oord heers, en geen geraas sal dan geduld word nie. Na ’n tweede waarskuwing kan jy gevra word om die oord sonder ’n terugbetaling te verlaat.
- Enige persoon wat onder die invloed van drank is en hom of haar nie gedra nie, sal versoek word om die oord onmiddellik te verlaat.
- Geen dronkenskap sal op enige tydstip in die oord geduld word nie.
- Die gebruik van ’n Turkse waterpyp (*hubbly bubbly*) word nie toegelaat nie.
- Die bymekaarmaak van hout is verbode. Vuurmaakhout is by die winkel te koop.
- Die swembaddens is nie omhein nie. Babas, kleuters en ouer kinders se veiligheid is die persoon in wie se sorg hulle die oord binnekom se verantwoordelikheid.
- Babas moet ten alle tye ’n swemdoek dra terwyl hulle in die swembad is.
- Die swembaddens is hoogstens een meter diep aan die vlak kant. Ons beveel dus aan dat jy nie daar induik nie.
- U mag slegs in doelgemaakte swemdrag swem. Kortbroeke, onderklere en oefenklere is nie aanvaarbaar nie.
- Daar mag in geen swembad geëet, gedrink of gerook word nie (insluitend die kinderswembad).
- Groot koelhouers, gazebo’s en ’n oormatige gedrink en geraas rondom die swembaddens is streng verbode.
- Daar mag nie op die grasperke rondom die swembaddens gebraai word nie.
- Voorskoolse kinders moet altyd onder volwasse toesig by die swembaddens en op die speelterrein wees. Geen lewensredders is aan diens nie.
- Die paaie op die oord is openbare paaie. Al die gebruiklike verkeersreëls geld. Hou asseblief by die spoedgrens wat in die oord aangedui word.
- Dit is ontoelaatbaar om saans sonder ligte in die oord rond te ry. Dit geld vir fietse en enige ander voertuie.
- Neem kennis dat ons hier by ATKV-Goudini Spa naby aan die natuur is. Wees dus op die uitkyk vir enige vorm van natuurlewe, soos slange, spinnekoppe, ensovoorts, en hanteer dit asseblief met respek.
- Geen troeteldiere word toegelaat nie.

Breedevallei en omgewing

Perdry	Wildritte	Plaasstalletjies
Die Opelug-museum	Nasionale Karoo Botaniese Tuin	4x4-roetes
Die Vetspens	Kleinplasie	Staproetes
Kanaal	Bergfietsroetes	

Noodkontaktnommers

Polisie	**Telefoon**
Rawsonville-polisie	023 349 8300
Worcester-polisie	023 349 8600
Wolsele-polisie	023 349 8000
Sekuriteitsfirmas	**Telefoon**
LTS24/7	081 465 1998
Kontrolekamer	081 357 3108
Kantoor	023 342 7757
Dokter	**Telefoon**
Dokter Truter (Rawsonville)	023 349 1383
Rawsonville-kliniek	023 349 1042
EXP Medies (Worcester)	0233472724
Hospitaal	**Telefoon**
Worcester Mediese Kliniek	023 348 1500
Worcester-ogevalle	023 348 1578
Worcester-hospitaal	023 348 1100
Ceres-hospitaal	023 316 9600
Netcare Ceres	023 316 1304
Ambulansdienste	**Telefoon**
Worcester-ambulansdienste	023 34 0177

Ceres-ambulans	023 316 1350
ER24	084124
Prioriteitsorgambulans	076 208 7662
Tandarts	**Telefoon**
Dokter Marais Rawsonville	023 349 6744
360 Dental Worcester	023 342 1170
Dental Wize Worcester	023 347 2915

Bedryfsure

Afdeling	Dag	Tyd
Ontvangs: 023 349 8100	Sondae–Donderdae Vrydae Saterdae Openbare vakansiedae	08:00–17:00 08:00–19:00 08:00–15:00 08:00–15:00
Koswerf Restaurant: 023 349 8153 Halaal-restaurant: 023 349 8145	Maandae–Saterdae Sondae	08:00–21:00 08:00–18:00
Kits-Koswerf Kiosk	Maandae–Saterdae Sondae	10:00–19:00 10:00–16:00
Winkel	Maandae–Saterdae Sondae	08:00–21:00 08:00–18:00
Ontspan-skoonheidspa	Maandae–Saterdae Sondae Openbare vakansiedae	08:00–17:00 Gesluit Gesluit
Minigholf, trampoliene en glybaan	Maandae–Saterdae Sondae	09:00–19:00 09:00–16:00

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Vrydag 26 Junie 2026
Tema van die vakansie: Vries en Vuur-winterfees

08:00–21:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
08:00–21:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker naelafspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
14:00	**Ontmoet die ritme** Duik in die pret by ons swembadarea met ’n verskeidenheid musiek!	Swembadverhoog
14:00–18:00	**Neem foto’s, deel en glimlag!** Laat ons jou beste oordoomblike sien.	Feesterrein
19:00	**Fliek onder die sterre** Bring jou kampstoel of kombers en geniet die grootskermfliek by die swembad!	Feesterrein

KITS koswerf

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Saterdag 27 Junie 2026
Tema van die dag: Superkrag-Saterdag

08:00–21:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sport by werkings.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker**! Vang ’n vlieënde frisbee voordat dit die water raak.	Feesterrein
11:15	**Balledans** Gee die bal aan voor die musiek stop – dis oorlewing van die vinnigste hande!	Feesterrein
11:45	**Menskruiwa** Hardloop of kruip jou pad na oorwinning. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
12:00	***Angry Birds*** Skiet jou frustrasies weg en jy kan dalk ’n prys wen.	Feesterrein
15:00	**Glendini se Groot Ontsnapping** Boeiekoning Glen McMeeking wys ons dat om jou vrese in die gesig te staar en dit te oorkom, is die enigste manier om te ontsnap.	Feesterrein
17:00	**Watervlugbal** Almal is welkom!	Feesterrein
19:00	**Mikrofoonoomblike** Stemme word in vibrasies verander by ons karaoke onder die sterre..	Feesterrein

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Sondag 28 Junie 2026
Tema van die dag: Salige Sondag

08:00–17:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Swembadverhoog
11:00	**Neem foto’s, deel en glimlag!** Laat ons jou beste oordoomblike sien.	Feesterrein
16:00	**Sokker** Vyf aan ’n kant. Beperkte inskrywings.	Dagbesoekersveld
19:00	**Giggel en speel!** Kom geniet ’n prettige aand met speletjies soos domino’s, bingo, vingerbord en vele meer!	Feesterrein

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Maandag 29 Junie 2026
Tema van die dag: Motivering-Maandag

08:00–20:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Huisvlytsessies** Die beste dinge in die lewe is handgemaak!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Bal in die lig** Almal in die swembad moet die bal in die lug hou voordat dit die water tref.	Feesterrein
11:30	**Hulakruip** Spanne van vyf jaag mekaar in hierdie genotvolle speletjie.	Feesterrein
11:45	**Drie stokkies** Hier is ’n speletjie uit die ou dae waar jy tussen drie stokkies moet spring.	Feesterrein
12:00	**Ballonhonderdpoot** Spanne van vyf hol om die swembad met ballonne tussen hulle.	Feesterrein
14:00	**Minuut om te wen** Deelnemers het 60 sekondes om ons speletjies te voltooi. Beperkte inskrywings!	Feesterrein
16:00	**Minigholf met musiek** Putt-putt, speel en dans al die pad.	Minigholfarea
19:00	***The Amazing Race*** Sluit aan by die opwinding onder die sterre!	Feesterrein

ATKV Oorde
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikiTipreT

Dinsdag 30 Junie 2026
Tema van die dag: Dinsdag in die Kollig

08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker naelafspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Swembadverhoog
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker: Kop of stert** Almal kan kies – hulle hou of hul kop of stêre vas, skiet die muntstuk op en dié wat vashou waarop dit land, is uit.	Feesterrein
11:30	**Hoededans** Hou die musiek aan die speel en die hoede aan die beweeg!	Feesterrein
12:00	**Blindemol** Duik items uit die swembad uit terwyl jy geblinddoek is. Beperkte inskrywings	Feesterrein
14:00	***The Fast and the Furious Vroom!* Cartrack-kompetisie** Voel soos ’n F1-renjaer en geniet ons pasgemaakte Goudini-kar.	Feesterrein
16:00	**8-balbiljartuitdaging** Sink balle soos ’n kampioen en wen op die potspeltafel.	Speletjieskamer
19:00	**Lipsinkstryd** Klee jou aan, raak mal en lipsink op jou gunsteling- gesinsvriendelike liedjie. Beperkte inskrywings.	Swembadverhoog



ATKV Oorde JOU VAKANSIE INSPIRASIE
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Woensdag 1 Julie 2026
Tema van die dag: Opwarm-Woensdag

08:00–20:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Huisvlytsessies** Die beste dinge in die lewe is handgemaak!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker: Kleurbalpret** Spat, gryp en vul die emmer. Laat die stryd begin!	Feesterrein
11:00-15:00	**Wes-Kaapse bloeddienste** Kom ons wees helde – met net een skenking kan jy drie lewens red.	Ontvangs
11:30	**Springtou-uitdaging** Wie kan die langste spring?	Feesterrein
12:00	**Junior Gladiator** Die een wat die hindernisbaan die vinnigste voltooi, sal met die titel van finale Junior Gladiator wegstap.	Feesterrein
14:00	**Gladiator** Enigiemand kan oefen om ’n gladiator te wees. Wat jou onderskei, is ’n ingesteldheid soos ’n kampioen! Beperkte inskrywings.	Feesterrein
17:00	**Blitzbokraakrugby** Systappe, uitswaaie, lynstaan – dis alles wat ’n supertoernooi uitmaak. Sewe aan ’n kant.	Dagbesoekersveld
19:00	**The Juggle is Real!** Bob die vuurtowenaar is terug om ons te wys dat as die lewe moeilik raak, moet jy net leer toor.	Swembadverhoog

ATKV Oorde JOU VAKANSIE INSPIRASIE
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Donderdag 2 Julie 2026
Tema van die dag: Donderslag Donderdag

08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker naelafspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker**! Hoe goed kan jy vang? Probeer die bal vang voordat dit aan die water raak.	Feesterrein
11:15	**Breinvries Grand Prix** Eet vinnig, ly vinniger. Twee spelers per span.	Feesterrein
11:30	**Stoeledans** Stoele vandag, legendes môre – dis oorlewing van die vinnigste!	Feesterrein
12:00	**Dairymaid-driekamp** Hierdie wedloop sal almal laat lag en meeding soos kampioene.	Feesterrein
14:00	**Vreesfaktor** Pak jou vrese aan in hierdie vreesaanjagende uitdaging. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
16:00	**Tafeltenniskompetisie** Wie gaan ons beste tafeltennisspeler wees? Uitklopformaat.	Speletjieskamer
19:00	**Ontsnap die kamer** Het jy wat dit vat om die kamer te ontsnap? Spanne van vyf het tien minute om die uitdaging te voltooi! Mag die beste span wen.	Feesterrein

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Vrydag 3 Julie 2026
Tema van die dag: Goedvoel-Vrydag

08:00–21:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Huisvlytsessies** Die beste dinge in die lewe is handgemaak!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Abbawedren** Spanne van twee hardloop oor die swembad met hul vennote op hul rug.	Feesterrein
11:15	**Musikale hoelastaan** Hardloop om hoelahoepels totdat die musiek stop. As jy nie in ’n hoelahoepel staan nie, is jy uit.	Feesterrein
11:45	**Vang-of-spat-waterballongooi** Spatsone geaktiveer. Op jul merke, gereed, gooi!	Feesterrein
12:00	**Blindemol** Oorlewingsmodus: Ontsluit. Geen sig, net *vibes*!	Feesterrein
15:00	**Waternetbal** Plons, pas en teken punte aan. Geen droë spelers toegelaat nie!	Feesterrein
18:30	**Winter video-raaiery** Ligte, kameras, vakansiemusiek! Wie sal ons volgende musiekmeester wees?	Feesterrein
19:00	**Mikrofoonoomblike** Stemme word in vibrasies verander by ons karaoke onder die sterre..	Swembadverhoog

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Saterdag 4 Julie 2026
Tema van die dag: Klankstorm-Saterdag

08:00–21:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Eier-en-lepel-wedloop** Balanseer jou pad na oorwinning in hierdie opwindende wedloop. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
11:15	**Dans, stop, sit!** Almal dans op die musiek totdat dit ophou. Die laaste persoon wat sit, is uit.	Feesterrein
11:45	**Sakresies** Hop in vreugde!	Feesterrein
12:00	**Meester blaser** Dis meisies teen seuns in hierdie waterpistooluitdaging.	Feesterrein
15:00	**Olimpiese Waterspele** Dis ons eie interhuisspele waar spanne van ses hul onderskeie huise sal verteenwoordig. Mag die beste span wen!	Feesterrein
16:00	**Waterpolo** Spanne van ses. Kom en geniet die pret. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
19:00	**Melodieë, musiek en *saxy vibes*** Mario die Vermaaklikheidster word deur Janine vergesel om 'n onvergeetlike vertoning te lewer.	Swembadverhoog

(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Sondag 5 Julie 2026
Tema van die dag: Strelende Sondag

08:00–17:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:30	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Feesterrein
11:00	**Neem foto’s, deel en glimlag!** Laat ons jou beste oordoomblike sien.	Feesterrein
15:00	**Toutrek** Spanne van vyf daag mekaar uit en kyk wie die groot kampioene gaan wees.	Feesterrein
19:00	**Fliek onder die sterre** Bring jou kampstoel of kombers en geniet die grootskermfliek by die swembad!	Swembadverhoog

LEKKER BY koswerf

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Maandag 6 Julie 2026
Tema van die dag: Misterieuse Maandag

08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker naelafspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Opwipboontjiesakke** Spanne van vyf teen mekaar. Kom ons kyk wie die meeste bone in die sak het.	Feesterrein
11:15	**Balledans** Gee die bal aan voor die musiek stop – dis oorlewing van die vinnigste hande!	Feesterrein
11:45	**Bandrolresies** Twee op ’n slag teen mekaar wat hul bande van een punt tot die volgende rol.	Feesterrein
12:00	**Selfieskattejag** Bring jou selfoon en neem selfies rond om die oord.	Feesterrein
14:00	**Dubbeldurfspele!** Ons daag jou uit om ons lawwe speletjies te probeer.	Feesterrein
16:00	**T20-krieket** Almal is welkom.	Dagbesoekersveld
19:00	**Misterieuse parade** Trek snaaks aan en stap saam met ons deur die oord. Die speletjiesaand vind daarna by ons bestemming plaas.	Feesterrein

ATKV Oorde
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Dinsdag 7 Julie 2026
Tema van die dag: Dinkding-Dinsdag

08:00–20:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	***Junior musiekvasvra*** ’n Musiekvasvra oor jou gunstelingkinderprogramme se temaliedjies!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Vrolike vlottrein** Spelers hou aan mekaar se vlothandvatsels vas en vorm ’n lang trein wat op die maat van musiek beweeg.	Feesterrein
11:15	**Voetkrakers** Maak ’n ballon aan jou voet met ’n toutjie vas, hou jou ballon veilig en bars ander se ballonne met jou voete.	Feesterrein
11:45	**Stoeledans** Hardloop om vier kegels totdat die musiek stop. As jy nie op ’n stoel sit nie, is jy uit.	Feesterrein
12:15	**Driebeenresies** Twee mense kompeteer met hul voete aan mekaar vasgebind.	Feesterrein
14:00	**TikTok-vasvra** Wie sal heel bo wees vir die TikTok-vasvra? Moenie vergeet om ons op TikTok te volg by @atkvgoudinispa nie.	Feesterrein
16:00	**Vlugbal** Almal is welkom!	Vlugbalarea
19:00	**Familietwisuitdaging** Spanne ding mee om die gewildste antwoorde in die opname te raai in ‘n vinnige spanwerk- en pretspelletje, aangebied deur die dansonderwyser, meneer H!	Swembadverhoog

ATKV Oorde JOU VAKANSIE INSPIRASIE
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Woensdag 8 Julie 2026
Tema van die dag: Woelige Woensdag

08:00–20:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Huisvlytsessies** Die beste dinge in die lewe is handgemaak!	Feesterrein
11:00	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:30	**Hop** Vier spelers op ’n slag in hierdie handjietennisuitdaging!	Feesterrein
12:00	**Herwinningsparade** Wys jou huisvlytvaardighede deur met jou herwinde items te spog.	Feesterrein
12:30	**Waterbomkompetisie** Wie kan die grootste plons maak?	Feesterrein
15:00	**Wonderlike kulkuns** Kom geniet ’n wonderlike kulkunsvertoning met Regardt Laubscher.	Swembadverhoog
16:00	**Watervlugbal** Kom ons plons. Almal is welkom!	Feesterrein
19:00	**Tiener-*vibes*** Die vermaakspan bring die energie met die nuutste musiek om van hierdie geleentheid 'n lekker jol te maak.	Die Jaard

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Donderdag 9 Julie 2026
Tema van die dag: Smaaklike Donderdag

08:00–20:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Tandestokkietoernooi** Wie kan die vinnigste met ’n tandestokkie eet?	Feesterrein
11:15	**Motormond** Wie kan ’n lemoen met hul mond afskil terwyl hul hande agter hul rug vas is?	Feesterrein
11:30	**Breinvrieskompetisie** Spanne van twee kompeteer in hierdie klassieke kompetisie.	Feesterrein
11:45	**Brandnoedeluitdaging** Wie gaan eerste ons brandnoedels klaarmaak? Beperkte inskrywings!	Feesterrein
12:00	**Kreatiewe kolwyntjies** Met kreatiwiteit afgerond en met geluk besprinkel.	Feesterrein
14:00	**Koesbal (*Dodgeball*)** Almal hardloop van een punt na die ander. As hulle deur ’n sagte bal getref word, is hulle uit.	Feesterrein
16:00	**Tafeltenniskompetisie** Wie gaan ons beste tafeltennisspeler wees? Uitklopformaat.	Speletjieskamer
19:00	***My Kitchen Rules*: Gatsby-uitdaging** Wie gaan die lekkerste gatsby maak? Bekende sjef Gadija Sydow sal die wenner bepaal!	Restaurant

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Vrydag 10 Julie 2026
Tema van die dag: Volvuur-Vrydag

08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker naelafspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Worcester Brandweer** Die Worcester brandweer bied ’n bewusmakingsgesprek oor vure aan.	Feesterrein
11:00	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:30	***Rooi lig, groen lig*** Dis ‘n stop-en-gaan-situasie in hierdie klassieke spel.	Feesterrein
11:45	**Terug na die grondbeginsels** Staan rug teen rug, haak jul arms in en hardloop skuins om te sien wie wen.	Feesterrein
12:00	***Happy Feet*-pikkewynloop** Wie kan die vinnigste loop met hul voete vasgebind?	Feesterrein
12:15	**Eenbeentjie** So oud soos die berge, in blokkies geverwe, ’n paar sirkeltjies hier en daar, vol hoppe en stoppe, en ons is klaar!	Feesterrein
15:00	**Musiekmalligheid** Kom ons toets jou algemene kennis.	Feesterrein
16:00	**Vlugbal** Almal is welkom!	Vlugbalarea
19:00	**Goudini Het Talent** Talent skyn by ATKV-Goudini Spa, van die swembad tot die verhoog. Beperkte inskrywings!	Swembadverhoog

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Saterdag 11 Julie 2026
Tema van die dag: Skokgolf-Saterdag

08:00–21:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker**! Vang ’n vlieënde frisbee voordat dit die water raak.	Feesterrein
11:15	**Op jou ouers se skouers** Wie sal die laaste oorblywende span wees?	Feesterrein
11:30	**Balledans** Gee die bal aan voor die musiek stop – dis oorlewing van die vinnigste hande!	Feesterrein
12:00	**Kleurwedloop** Deel in die pret met ’n kleurvolle ervaring.Hardloop met kleure, hardloop met pret!	Feesterrein
14:00	**Spekko Kook-uitdaging** Kom vier saam 'n dag van kuier en samesyn rondom die vure!	Feesterrein
16:00	**Waterpolo** Spanne van ses. Kom en geniet die pret. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
19:00	**Super Saterdag Skouspel** Sluit by ons aan vir ’n onvergeetlike aand terwyl die talentvolle Young Og Cpt en Ekraam Cupido die verhoog laat skitter.	Swembadverhoog

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Sondag 12 Julie 2026
Tema van die dag: Sorgvrye Sondag

08:00–18:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Sielsessies** Pastoor Johan Wagenaar lewer ’n geestelik opheffende preek.	Feesterrein
10:30	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Feesterrein
11:00	**Neem foto’s, deel en glimlag!** Laat ons jou beste oordoomblike sien.	Feesterrein
15:00	**PS4 FIFA-toernooi** Uitklopformaattoernooi om ons groot kampioen te kry! Beperkte inskrywings.	Swembadverhoog
19:00	**Ontsnap die kamer** Het jy wat dit vat om die kamer te ontsnap? Spanne van vyf het 10 minute om die uitdaging te voltooi! Mag die beste span wen.	Feesterrein



ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Maandag 13 Julie 2026
Tema van die dag: Mengelmoes-Maandag

08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker naelafspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Tiny Tots-kleuteruitdaging** Ons soek alle kleuters om by ons babakompetisie aan te sluit met speletjies soos Crawling Cocomelon, Nappy Ninja, Baby Shark Boppers, en vele meer!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Hoededans** Hou die musiek aan die speel en die hoede aan die beweeg!	Feesterrein
11:30	**Hoelahoepel-uitdaging** Kom ons kyk wie kan die langste hoela. Alle ouderdomme welkom.	Feesterrein
11:45	**Ballonbars** Wie kan die ballon die vinnigste opblaas tot dit bars?	Feesterrein
12:00	**Soos ’n brug oor woelige waters** Dis meisies teen die ouens in hierdie massiewe stryd. Wie gaan wen?	Feesterrein
14:00	**Sterkman- en sterkvrou-uitdaging** Wie is die sterkste persoon by ATKV-Goudini Spa?	Feesterrein
16:00	**Waternetbal** Plons, pas en teken punte aan. Geen droë spelers toegelaat nie!	Feesterrein
19:00	**Giggel en speel!** Kom geniet ’n prettige aand met speletjies soos domino’s, bingo, vingerbord en vele meer!	Swembadverhoog

(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Dinsdag 14 Julie 2026
Tema van die dag: Deftige Dinsdag

08:00–20:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**TikTok-vasvra** Wie sal heel bo wees vir die TikTok-vasvra? Moenie vergeet om ons op TikTok by @atkvgoudinispa te volg nie.	Feesterrein
11:30	**Hoeladans** Hardloop om hoelahoepels totdat die musiek stop. As jy nie in ’n hoelahoepel staan nie, is jy uit.	Feesterrein
12:00	**TikTok-skattejag** Bring jou selfoon en neem gesinsvriendelike TikToks rondom die oord.	Feesterrein
14:00	***The Fast and the Furious Vroom!* Cartrack-kompetisie** Voel soos ’n F1-renjaer en geniet ons pasgemaakte Goudini-kar.	Feesterrein
16:00	**8-balbiljartuitdaging** Sink balle soos ’n kampioen en wen op die potspeltafel..	Speletjieskamer
19:00	**Eskimo Joe’s-danskompetisie** So, jy dink jy kan dans? Sleutel jou naam in en vind uit of jy die danskampioen gaan wees.	Swembadverhoog

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikiTipret

Woensdag 15 Julie 2026
Tema van die dag: Wikkel-Woensdag

08:00–20:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker: Kleurbalpret** Spat, gryp en vul die emmer. Laat die stryd begin!	Feesterrein
11:30	**Drie stokkies** Hier is ’n speletjie uit die ou dae waar jy tussen drie stokkies moet spring.	Feesterrein
11:45	**Drie blikkies** Almal is welkom.	Feesterrein
12:00	***Angry Birds*** Skiet jou frustrasies weg en jy kan dalk ’n prys wen.	Feesterrein
14:00	**Glansryke Ouma en Oupa** Wie sal Goudini se volgende herwonne tiener wees?	Feesterrein
16:00	**Minigholf met musiek** Putt-putt, speel en dans al die pad.	Minigholfarea
19:00	**Midweekoomblike** Freddy Lee en DJ Sophia bring die gees	Swembadverhoog

ATKV Oorde JOU VAKANSIE INSPIRASIE
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Donderdag 16 Julie 2026
Tema van die dag: Loslit-Donderdag

08:00–17:00	**Ontspan-skoonheidspa** Wil jy ’n bietjie ontspan? Wat van ’n lekker nael afspraak? Of selfs ’n ontspannende massering? Ons skoonheidspa is die antwoord!	Spa
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Vang-of-spat-waterballongooi** Spatsone geaktiveer. Op jul merke, gereed, gooi!	Feesterrein
11:15	**Dans, stop, sit!** Almal dans op die musiek totdat dit ophou. Die laaste persoon wat sit, is uit.	Feesterrein
11:45	**Abbaresies** Spanne van twee hardloop oor die swembad met hul spanmaat op hul rug.	Feesterrein
12:00	**Toutrek** Vyf aan ’n kant. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
14:00	***Dizzy dash*-vasvra** Wees deel van hierdie prettige vasvra! Beperkte inskrywings.	Feesterrein
16:00	**T20-krieket** Almal is welkom.	Dagbesoekersveld
19:00	**Fliek onder die sterre** Bring jou kampstoel of kombers en geniet die grootskermfliek by die swembad!	Feesterrein

ATKV Oorde JOU VAKANSIE INSPIRASIE
(023) 349 8100
GOUDINI@ATKV.ORG.ZA
WWW.GOUDINISPA.CO.ZA

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Vrydag 17 Julie 2026
Tema van die dag: Vinnige Vrydag

08:00–21:00	**Koswerf is gereed vir die hele gesin** Die beste manier om die vakansie te begin is met ’n verskeidenheid heerlike etes by ons Koswerf Restaurant. WhatsApp 076 833 9999 vir besprekings. Ons doen ook aflewerings!	Restaurant
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Popavonture van Goudi en Nispa** Kom geniet ’n prettige kindervertoning met spesiale handpoppe en volg hulle op hul lekker opvoedkundige avonture!	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Bal in die lug** Almal in die swembad moet die bal in die lug hou voordat dit die water tref.	Feesterrein
11:15	**Balledans** Gee die bal aan voor die musiek stop – dis oorlewing van die vinnigste hande!	Feesterrein
11:45	**Meesterblaser** Dis meisies teen seuns in hierdie waterpistooluitdaging.	Feesterrein
12:00	**Junior musiekvasvra** ’n Musiekvasvra oor jou gunstelingkinderprogramme se temaliedjies!	Feesterrein
15:00	**Junior Gladiator** Die een wat die hindernisbaan die vinnigste voltooi, sal met die titel van finale Junior Gladiator weg stap.	Feesterrein
16:00	**Waterpluimbal** Spanne van twee. Kom en geniet die pret. Beperkte inskrywings.	Feesterrein
19:00	**Mikrofoonoomblike** Stemme word in vibrasies verander by ons karaoke onder die sterre.	Swembadverhoog

ATKV Oorde GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

afrikitipret

Saterdag 18 Julie 2026
Tema van die dag: Skouspel-Saterdag

08:00–21:00	**Geriefswinkel** Vir ’n wonderlike koopervaring, kyk by ons winkel vir al jou benodighede.	Winkel
09:15	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog
10:00	**Maskotmalligheid** Dans, knuffel, lag en herhaal saam met ons maskotte, Goudi en Nispa.	Feesterrein
10:30	**Wateroefeninge** Fiksheid was nog nooit so verfrissend nie!	Feesterrein
11:00	**Afrikiti-ysbreker**! Vang ’n vlieënde frisbee voordat dit die water raak.	Feesterrein
11:15	**Op jou ouers se skouers** Wie sal die laaste oorblywende span wees?	Feesterrein
11:30	**Stoeledans** Hardloop om vier kegels totdat die musiek stop. As jy nie op ’n stoel sit nie, is jy uit.	Feesterrein
12:00	**Minuut om te wen** Deelnemers het 60 sekondes om ons speletjies te voltooi. Beperkte inskrywings!	Feesterrein
15:00	**Kragpaartjie** Wie gaan hierdie winter die kragpaartjie wees?	Feesterrein
16:00	**Sokker** Vyf aan ’n kant. Beperkte inskrywings.	Dagbesoekersveld
19:00	**Vries en Vuur-skouspel** Maak gereed vir ’n aand waar krag en kultuur ontmoet. Kom geniet optredes deur Tola die Beh en TDV.	Swembadverhoog

ATKV-GOUDINI SPA VERMAAKPROGRAM

Sondag 19 Julie 2026
Tema van die dag: Stadige Sondag

10:00	**Radio Goudini** Ons bring vir jou al die jongste nuus, verkeer, weer en sportnuus.	Swembadverhoog

Neem asseblief kennis dat besoekers wat aan enige ATKV-aktiwiteite deelneem, dit op eie risiko doen. Ons versoek ouers om te verseker dat hul kinders onder toesig is wanneer hulle aan die aktiwiteite deelneem. Die ATKV en sy werknemers is nie aanspreeklik vir enige skade, besering of verlies wat voortspruit uit deelname aan enige aktiwiteite nie. Alle aktiwiteite kan egter deur die weer beïnvloed word. As dit reën, sal alternatiewe aktiwiteite in die speletjieskamer of by die onderdakswembad plaasvind.

Ons nooi al die volwassenes om ook aan ons vakansieprogram deel te neem.

DIE PROGRAM IS ONDERHEWIG AAN VERANDERING.



Plakkaat

ATKV Oorde
GOUDINI SPA
JOU VAKANSIE-INSPIRASIE
VRIES EN VUUR
WINTER FEES
26 JUNIE - 19 JULIE 2026

Baie dankie aan al ons borge:

Cadbury ICE CREAM

Dairymaid

Eskimo Joe's

Nando's
N1 CITY / BOTHASIG

Dove

MIAMI
Canned at the moment of perfection

Spekko

Henties